basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2023

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees AL die instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**HET JOU KIND 'N RUGGRAAT VIR DIE LEWE?**

1 Verantwoordelikheid is 'n onmisbare element van volwassenheid. Kinders of tieners wie se karaktereienskappe nie verantwoordelikheid insluit nie, sal nooit werklik volwaardige volwassenes mét 'n ruggraat word nie.

2 Volwasse verantwoordelikheid is om aan jouself verantwoording te doen vir die eise van die lewe en om te doen wat gedoen moet word. Verantwoordelike mense gooi nie maklik tou op nie – veral nie as ander op hulle reken nie. Hulle is bereid om rekenskap van hulle optrede te gee en die gevolge van hulle besluite te aanvaar. Wanneer hulle nié hulle verantwoordelikhede nakom nie, maak hulle nie verskonings, gee ander of die omstandighede die skuld óf speel die verontregte slagoffer nie.

3 Ongelukkig is só 'n tekort aan verantwoordelikheid 'n epidemie in ons land, want dit kom oral voor: van die parlement tot in ons skole en huise. Ons het dringend 'n verantwoordelikheidsetiek* op elke vlak van die samelewing nodig. Waar moet ons begin?

4 Kinders en tieners moet vroeg leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir wat hulle doen of nié doen nie én vir die gevolge daarvan. In hierdie groeiproses móét hulle ouers 'n voorbeeld stel van hoe 'n verantwoordelike persoon optree.

5 Kinders leer verantwoordelikheid wanneer hulle van jongs af bepaalde take kry om te verrig, soos om hulle diere kos te gee, hulle beddens op te maak, of speelgoed weg te pak. Soos hulle ouer word en wys dat hulle hulle verantwoordelikhede kan nakom, kan hulle met méér vertrou word. Handhaaf egter altyd 'n balans tussen te min en te veel verantwoordelikhede sodat kinders as verantwoordelike jongmense ontwikkel sonder dat hulle oorweldig voel.

6 Vandag se jongmense is deeglik bewus van hulle regte, maar minder opgewonde oor die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan. Hulle het 'n reg op onderwys, maar daarmee saam kom verantwoordelikhede soos om in die klas op te let, hard te werk, die skool se gedragskode te gehoorsaam asook onderwysers en ander leerders met respek te behandel. Laasgenoemde impliseer ook dat daar geen onskuldige toeskouers sal wees wanneer iemand by die skool geboelie word nie.

7 As leerders moet hulle besef dat húlle vir hulle skoolwerk verantwoordelik is; dit is nie nét die onderwysers se verantwoordelikheid om hulle deur 'n skoolgraad te kry nie. Húlle moet opdragte voltooi en betyds indien, oplet wanneer die onderwyser die werk verduidelik, vrae vra en self hulle huiswerk doen. Dit is ironies dat daar ouers is wat hulle kinders se skooltake namens hulle doen.

8 Onderwysers sukkel juis om verantwoordelikheid by leerders te vestig, omdat ouers dikwels nie tuis reeds daarmee begin nie. Onderwysers mag nie leerders aanspreeklik hou nie. Suid-Afrika is een van die min lande waar leerders slegs een keer in 'n fase mag druip; indien 'n kind wel 'n tweede keer druip, word hy/sy bloot na die volgende fase "bevorder". Volgens die onderwysdepartement se beleid mag geen onderwyser vir 'n leerder nul vir 'n taak gee nie. Dít versterk onverantwoordelike optrede verder, want leerders beleef geen negatiewe gevolge wanneer hulle nie hulle kant bring nie. Hulle leer dus nie van jongs af om aanspreeklikheid vir hulle optredes te aanvaar nie en kan daarom as ruggraatloos beskou word.

9 Ongelukkig aanvaar ouers en onderwysers boonop dikwels flou verskonings vir onverantwoordelike optrede, omdat hulle nie lus of krag het vir konfrontasie nie. Gevolglik maak ons 'n geslag groot wat dink dat dit aanvaarbaar is om lyf weg te steek en nié verantwoordelikhede hoef na te kom nie, want jy kan wegkom met verskonings of deur ander of die omstandighede die skuld te gee. Dié denkpatroon hou uiters skadelike gevolge vir hulle toekoms in – binne gesinsverband sowel as by die werk.

10 'n Gebrek aan selfagting is maar één daarvan. Om verantwoordelikheid vir jou eie lewe, keuses en besluite te aanvaar is die begin van selfagting. Hoe meer jy verantwoordelikheid vir jou eie keuses en optrede aanvaar, hoe beter voel jy oor jouself. Volgens die gesinsterapeut, Mary Pipher, is ware selfagting 'n gevolg van verantwoordelike optrede; dit word nie gebou deur kinders gedurig te prys nie. Baie ouers maak die fout om meer op hulle kinders se gevoelens en selfbeeld te konsentreer as op hulle karakter.

11 Verantwoordelikheid kan nooit van harde werk geskei word nie. Dit vereis immers dat jy inkoop op bepaalde verantwoordelikhede, hard sal werk en sal doen wat gedoen moet word.

12 Elke kind en jongmens sal moet leer: die wêreld skuld jou niks nie; dis jý wat die wêreld iets skuld. Kom uit jou droomwêreld en ontwikkel 'n ruggraat, nie 'n wensbeen nie. Begin soos 'n verantwoordelike persoon dink, werk en optree.

13 Ouers én onderwysers sal doelbewus daarop moet konsentreer om die waardes van verantwoordelikheid en hardwerkendheid by kinders te vestig, want sonder 'n ruggraat is swaarkry hulle voorland.

** Die verantwoordelikheid van 'n individu om bewus te wees van die gevolge van/of verantwoordelikheid te aanvaar vir sy/haar dade.*

[Aangepas uit *Maroela Media*, 6 Junie 2022]

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit *Die Burger*, 15 April 2020]

## VRAE: TEKS A

1.1 Wie is, volgens die opskrif, die teikengroep van hierdie teks? (1)

1.2 Op watter DRIE maniere sal 'n kind wat nie oor verantwoordelikheid beskik nie, optree? (3)

1.3 Wat word in paragraaf 3 ten opsigte van Suid-Afrikaners se waardes geïmpliseer? Stem jy met hierdie mening van die skrywer saam? Motiveer jou antwoord. (2)

1.4 Herlees paragraaf 5.

1.4.1 Met watter DRIE praktiese take kan ouers hulle kinders van jongs af verantwoordelikheid leer? (3)

1.4.2 Watter raad word in dié paragraaf aan ouers gegee? (1)

1.5 Herlees paragraaf 6.

Leerders wat nie verantwoordelikheid aangeleer het nie, dra by tot probleme vir die skoolstelsel.

Motiveer hierdie stelling met VIER voorbeelde van probleme. (4)

1.6 Stem jy saam dat ouers wat hulle kinders se take namens hulle doen, ironies optree? Gee 'n rede vir jou siening. (1)

1.7 Dink jy die onderwysdepartement is daarvoor verantwoordelik dat leerders nie aan verwagtinge voldoen nie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.8 Waarom is dit vir ouers en onderwysers gerieflik om flou verskonings te aanvaar én watter TWEE negatiewe implikasies hou dit vir die jonger geslag se toekoms in? (3)

1.9 Watter TWEE foute maak baie ouers, volgens die gesinsterapeut Mary Pipher, in 'n poging om hulle kinders se selfagting te versterk? (2)

1.10 Met watter TWEE waardes in die slotparagraaf word "ruggraat" in die titel omskryf? (2)

**VRAE: TEKS B**

1.11 Wat is die kunstenaar se bedoeling met dié spotprent? Dink jy hy slaag in sy doel? Motiveer jou antwoord. (2)

1.12 Wat impliseer die pa met die gebruik van die woord "toe"? (1)

1.13 Kan die aanname gemaak word dat die ma in die spotprent oor 'n verantwoordelikheidsin beskik? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAAG: TEKS A EN B**

1.14 Herlees TEKS B asook paragraaf 6 en 7 van TEKS A.

Watter TWEE belangrike verantwoordelikhede, wat saam met die reg tot onderwys kom, is na jou mening by die tuisonderrigleerders in TEKS B afwesig? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE waardevolle wenke vir mense wat geëmigreer het, maar weer na Suid-Afrika wil terugkeer**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**TERUG NA DIE LAND VAN SONSKYN**

Die belofte van 'n beter lewe oorsee lok baie mense na die vreemde, maar soms moet 'n mens eers weggaan om werklik te besef wat jy alles mis. Heelwat Suid-Afrikaners vind na 'n jaar of vyftien dat die gras aan die ander kant toe nie noodwendig groener is nie en keer dan terug na die land van braaivleis, sonskyn en humor. Angel Jones, uitvoerende hoof van die werwingsagentskap, Homecoming Revolution, sê hulle navorsing toon dat 34% Suid-Afrikaners wat oorsee bly, wil terugkeer.

Tina Visser, 'n kenner, sê mense keer terug, omdat hulle sosiaal en kultureel nie die gevoel van "behoort" kry soos wat hulle dit in Suid-Afrika ervaar het nie. Volgens Marie Groen, 'n lewensafrigter, is die grootste besluit egter wanneer mense heeltemal van voor af moet begin – op alle lewensterreine. Dit is ook finansieel allermins 'n goedkoop stap om oorsee te verhuis en dan terug te kom. Die impak van so 'n besluit op hulle emosionele lewe kan traumaties wees, want die hele gesin kan moeilik aanpas. Visser en Groen gee goeie raad vir dié wat wil terugkom.

Indien daar kinders betrokke is, moet ouers vooraf 'n skool kies waarby ander nuwe gesinne ook hulle kinders inskryf. Ouers moet ook vroegtydig seker maak dat hulle kinders met dié ander kinders in aanraking gebring word om die aanpassing in 'n nuwe skool te vergemaklik. Voor die gesin na Suid-Afrika terugkeer, moet die ouers by die dorp of gemeenskap se Facebook-groep aansluit, sodat hulle waardevolle inligting (name, kontakbesonderhede, ligging van nooddienste) kan inwin. Voorts is dit belangrik om ook 'n ondersteuningsnetwerk te kry wat die gesin in staat sal stel om tydens skoolgeleenthede te sosialiseer.

Dit is wys om – sodra 'n gesin terug is – 'n lewensafrigter of berader te spreek, sodat die hele gesin hulle selfvertroue kan opbou vir die nuwe uitdagings wat voorlê. Hulle moet gesonde finansiële besluite neem deur volgens 'n begroting te werk sodat nie te veel skuld aangegaan word nie. Dit is wys om dalk eers vir 'n ruk by vriende of familie te woon totdat die gesin finansieel stabiel genoeg is om weer onafhanklik te leef. Onthou, alles in die lewe gebeur soos dit moet en hoe terugkerendes dit gaan hanteer, is 'n keuse.

[Aangepas uit *TAALGENOOT*, Somer 2020]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS D




[Aangepas uit *SARIE* Mrt/Apr 2022 en freepik.com]

### VRAE: TEKS D

3.1 Op watter manier word die spreker in TEKSBLOKKIE A se sterk emosie in die teks oorgedra? (1)

3.2 Wat is die funksie van die visuele uitbeelding in TEKSBLOKKIE B? (1)

3.3 Hoe versterk Susan se lyftaal die boodskap dat sy nie so entoesiasties soos Petro is nie? (1)

3.4 In watter opsig verskil Susan en Petro se waardes oor die aanstuur van die PDF-publikasie en wie, dink jy, se siening is verteenwoordigend van die meeste mense in ons samelewing? Motiveer jou antwoord. (2)

3.5 Gebruik die homoniem van die woord "steel" in reël E2 in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

3.6 Wat is die boodskap wat met hierdie advertensie oorgedra word? Op watter manier word die boodskap in reël E1–E5 effektief oorgedra? (2)

3.7 Waarom kan vroue moontlik voel dat daar in dié advertensie teen hulle gediskrimineer word? (1)

3.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.1) en die letter (A–D) neer.

In watter een van die volgende afleiers is daar NIE 'n diftong in een van die twee woorde NIE?


A stuur; gekry
B nuwe; uitgawe
C verniet; hoe
D kyk; wie (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT EN SPOTPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit www.gocomics.co.za]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Watter TWEE visuele aanduidings in RAAMPIE 1 wys dat die vrou vinnig gery het? (2)

4.2 Herlees RAAMPIE 3.

4.2.1 Met watter woord probeer die vrou dit regkry dat Jan met haar moet saamstem? (1)

4.2.2 Skryf die vrou se woorde in die indirekte rede.

Begin jou antwoord met: Sy het gesê ... (1)

4.3 Volgens die HAT beteken *skroot* "afval van metaal".

Evalueer die gepastheid van Ouboet se gebruik van "voorskroot" in plaas van "voorskoot". (1)

4.4 Herlees RAAMPIE 3, 4 en 6.

Watter DRIE verskillende emosies word in die drie raampies afsonderlik met die woord "Sjoe" uitgedruk? (3)

4.5 Herskryf die twee sinne in RAAMPIE 6 sodat dit een neweskikkende sin vorm. (1)

4.6 Is dit 'n geregverdigde afleiding dat vrouebestuurders met hierdie strokie gestereotipeer word? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS F

**(5.1) OORAANBOD VAN FLIEKS BOET GEHALTE IN**
**Min (bly) stromingswaarde**

*Emile Joubert*

1 (5.2) Is die dae van die klassieke rolprent al getel?

2 Daar is baie opsies vir die hedendaagse fliekvlooi. 'n Paar vingerdanse op die elektroniese apparaat en jy het binne 'n sekonde honderde moontlikhede vir vermaak. Dit is 'n sneltrein van keuses op een skerm. (5.3) **Ons word gebombardeer met gedurige aanbevelings**: "mees gewildste fliek van die week", "topkeuse" en "jy sál hiervan hou". Dus is die versoeking daar om nooit te wonder oor jou rolprentkeuse nie.

3 Word jy binne tien minute siek en sat vir die storie is dit net een klik en die volgende fliek rol. Dis hoe ek vandag se rolprentaanbiedings vind – (5.4) by die een oog in en die ander oog uit.

4 Dit laat my wonder of die dae van die klassieke rolprent (5.5) waarna mense vir maande uitgesien het, getel is. Daardie flieks waarvoor mense skaars kon wag dat dit uitgereik word – belangrik, rolprente wat ná drie, vier dekades en meer nog onthou word.

5 Daar is, natuurlik, altyd talle onvergeetlike rolprente en elke fliekliefhebber het sy of haar voorkeur. Gevolglik is die uitdaging om tussen die oormaat van stromingsdienste en eindelose keuses die meesterlike raak te sien.

[Aangepas uit *Die Burger,* 24 April 2021]

### VRAE: TEKS F

5.1 Skryf die basis/stam van "gehalte" (in die titel) en gee die korrekte vorm van die deelwoord in die subtitel. (2)

5.2 Skryf die vraag in paragraaf 1 oor in die ontkennende vorm. (1)

5.3 Herlees die onderstreepte sin in paragraaf 2.

Skryf die vetgedrukte sinsdeel in die bedrywende vorm en gee die korrekte vorm van die pleonasme. (2)

5.4 Herlees die onderstreepte woorde in paragraaf 3.

Watter oorspronklike uitdrukking is hier ter wille van die konteks verander? Is hierdie verandering van die uitdrukking geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

5.5 Benoem die onderstreepte bysin in paragraaf 4. (1)

5.6 "dekades" (paragraaf 4) verwys na tydperke van tien jaar.

Gee EEN woord vir 'n "tydperk van 1 000 jaar" en gebruik dié woord in 'n verklarende sin. (1)

5.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.7) en die letter (A–D) neer.

Watter verbindingswoord in paragraaf 5 dui oorsaak en gevolg aan?

A natuurlik
B altyd
C gevolglik
D meesterlike (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Ouers/Voogde (met jong kinders)/grootmense met kinders ✓ | 1 |
| 1.2 | Hy/sy sal maklik tou opgooi./<br>Hy/sy sal nie rekenskap van sy/haar optrede gee nie./<br>Hy/sy sal nie die gevolge van sy/haar besluite kan dra nie./<br>Hy/sy sal verskonings aanbied./<br>Hy/sy sal ander mense/die omstandighede die skuld gee./blameer./<br>Hy/sy sal die verontregte slagoffer speel. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke DRIE antwoorde vir een punt elk aan.* | 3 |
| 1.3 | (Baie) Suid-Afrikaners het nie waardes nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>(Die meeste Suid-Afrikaners het nie waardes nie, want) daar is soveel korrupte mense wat ontken wat hulle gedoen het./nie verantwoordelikheid wil aanvaar wanneer hulle iets verkeerds gedoen het nie./altyd die skuld op iemand anders pak./oortuig is dat die wêreld hulle iets skuld.<br><br>**OF**<br>Nee<br>(Nie alle Suid-Afrikaners is sonder waardes nie, want) daar ís mense wat 'n sin vir verantwoordelikheid het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 1.4.1 | Kinders kan hul eie diere kos gee. ✓<br>Kinders kan hul eie bed leer opmaak. ✓<br>Kinders kan self hul speelgoed wegpak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.4.2 | Ouers moet hulle kinders stelselmatig met al hoe meer verantwoordelikhede vertrou./<br>Ouers moet 'n balans handhaaf tussen te min en te veel verantwoordelikhede vir hul kinders./verwagtinge van hul kinders./<br>Ouers moet weet dat te veel verantwoordelikhede/verwagtinge ook teenproduktief kan inwerk./kinders oorweldig kan laat voel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.5 | Hulle is die leerders wat aandring op die reg op onderwys sonder om verantwoordelik-hede te aanvaar./<br>Hulle let nie in die klas op nie./<br>Hulle werk nie hard nie./<br>Hulle gehoorsaam nie die skool se gedragskode nie./<br>Hulle toon nie respek teenoor onderwysers/medeleerders nie./<br>Hulle meld nie boeliegedrag aan nie./is blote toeskouers wanneer iemand geboelie word. ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.6 | Ja<br>'n Mens sou verwag dat ouers hulle kinders verantwoordelikheid sou leer, maar hulle leer eintlik die kinders om hulle pligte te ontduik./<br>Hierdie ouers dink hulle help hul kinders/verbeter hulle kinders se situasie,/punte, maar hulle is eintlik besig om die kinders te benadeel./van die wal in die sloot te help. ✓<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van ironie vir EEN punt aandui.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.7 | Ja<br>Volgens die onderwysdepartement mag 'n leerder nie meer as een keer in 'n fase druip nie./<br>'n Leerder mag nie nul vir 'n taak kry nie./<br>Onderwysers mag leerders nie aanspreeklik hou nie.<br><br>OF<br><br>Nee<br>Dit is die ouers/ouerhuis se verantwoordelikheid om die kinders op te voed/motiveer /inspireer om na verwagting op te tree./aanspreeklikheid aan te leer./<br>Ouers tree nie meer met gesag op nie, dus raak kinders laks./<br>Ouers versterk onverantwoordelikheid by kinders omdat hulle nie lus het vir konfrontasie nie./<br>Kinders leer in hulle ouerhuise dat hulle kan wegkom met swak verskonings./<br>Ouers leer hulle kinders dat daar altyd iemand is wat vir 'n situasie geblameer kan word./dat hulle nie self verantwoordelikheid vir hulle dade hoef te dra nie./<br>Kinders moet self verantwoordelikheid vir hul laksheid/onverantwoordelikheid (ten opsigte van skoolprestasies) aanvaar. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.8 | Ouers/onderwysers het nie krag/lus vir konflik/konfrontasie nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hulle sal later dink dit is aanvaarbaar om lyf weg te steek./<br>Hulle sal later dink dit is aanvaarbaar om nie hulle verantwoordelikhede na te kom nie./<br>Hulle sal dink dat hulle in die toekoms ook flou verskonings kan aanbied vir hulle optrede/dade./die omstandighede die skuld vir hulle onverantwoordelikheid kan gee./<br>Dit veroorsaak dat jong mense in die toekoms nie verantwoordelikheid gaan neem binne hul gesinsverhoudinge nie./<br>Dit sal 'n negatiewe impak op hulle sin vir verantwoordelikheid binne die werks-omgewing hê. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 1.9 | Ouers prys hulle kinders te veel./Ouers dink deur 'n kind aanhoudend te prys, sal hy/sy selfagting ontwikkel./<br>Ouers konsentreer te veel op hulle kinders se gevoelens./selfbeeld./Ouers dink selfagting hang van kinders se gevoelens/selfbeeld af./<br>Ouers besef nie selfagting en karakter/waardes/verantwoordelikheidsin loop hand aan hand nie./<br>Ouers beskou nie 'n verantwoordelikheidsin by hul kinders as belangrik nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.10 | verantwoordelikheid ✓<br>en hardwerkendheid ✓ | 1<br>1 |
| 1.11 | Die kunstenaar wil die negatiewe aspekte van tuisonderrig uitlig./die kwessie van tuisonderrig kritiseer./die spot dryf met die gedagte van tuisonderrig./aandui dat kinders eintlik die probleem is, nie skole nie./<br>Die kunstenaar probeer uitlig/uitwys/beklemtoon dat ouers verantwoordelikheid vir kinders se swak waardes/gebrekkige verantwoordelikheidsin/swak prestasies moet aanvaar./dat swak prestasie/luiheid/onverantwoordelike optrede nie die skuld van die onderwysers is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die feit dat die kinders juis nie leer nie (sit en baklei/besig is met naels/op die foon/op die bank lê en slaap), beklemtoon dat tuisonderrig in dié geval nie slaag nie./<br>Die feit dat die pa die enigste een is wat iets geleer het ten tye van tuisonderrig, versterk die gedagte dat werklike leer in dié geval nie gebeur nie./<br>Die ouers faal hulle kinders deur net toe te kyk./niks aan hulle onverantwoordelikheid te doen nie./hulle onverantwoordelikheid so te versterk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Die pa/ouers het in die verlede/vroeër gedink dat die fout by die onderwysers gelê het./dat hulle kinders onskuldig binne die skoolopset (beskuldig) is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Ja<br>Die huis is netjies skoon./<br>Sy het wasgoed in haar hande, (wat aantoon dat sy dit gewas het./gaan was)./<br>Sy is besig met huistake./<br>Sy is ontsteld oor die feit dat die kinders nie leer nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die ma aanvaar nie verantwoordelikheid vir haar kinders se opvoeding./skoolwerk nie./<br>Die ma is met wasgoed/ander werk besig in plaas daarvan om toe te sien dat die kinders hul werk doen. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.14 | Respek/<br>Harde werk/<br>Samewerking/<br>Verantwoordelikheid ten opsigte van hul skoolwerk/<br>Verantwoordelikheid om opdragte te voltooi/<br>Verantwoordelikheid om opdragte betyds in te dien/<br>Gehoorsaamheid ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE verantwoordelikhede vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe.

INTERPRETASIE VAN HIERDIE NASIENRIGLYN:
Indien 'n kandidaat woordelikse aanhalings as feite aanbied, word hy/sy soos volg vir taal bepunt:

- Met 6 of 7 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 6/7 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 4/5 aanhalings; 2 taalpunte verdien vir 2/3 aanhalings; 3 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 4 of 5 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 4/5 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 2/3 aanhalings; 2 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 2 of 3 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 2/3 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 1 korrekte feit kan die kandidaat geen taalpunt verdien indien die enkele feit 'n aanhaling is nie.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Kies as ouer 'n skool vir kinders waarby ander nuwe gesinne ook hul kinders inskryf. Maak seker dat terugkerende kinders vooraf nuwe maats leer ken sodat die nuwe skool minder vreemd is. Sluit by die gemeenskap se Facebook-groep aan vir waardevolle inligting. Kry 'n ondersteuningsgroep sodat alle gesinslede kan sosialiseer. Verder moet die gesinslede 'n lewensafrigter/berader spreek wat almal se selfvertroue vir die uitdagings wat voorlê kan opbou. Werk volgens 'n begroting om nie onnodige skuld te maak nie. Probeer by vriende of familie woon totdat gesinslede finansieel stabiel is.

[87 woorde]

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *... moet ouers vooraf* ***'n skool kies waarby ander nuwe gesinne ook hul kinders inskryf.*** | A | Kies vir terugkerende kinders 'n skool waarby ander nuwe kinders ook ingeskryf is. |
| 2 | ***... dat hulle kinders met dié ander kinders in aanraking gebring word om die aanpassing van 'n nuwe skool te vergemaklik ...*** | B | Maak seker dat so 'n kind/sulke kinders vooraf nuwe maats leer ken sodat die nuwe skool minder vreemd is. |
| 3 | ***... by die dorp of gemeenskap se Facebookgroep aansluit, sodat hulle waardevolle inligting ...*** | C | Sluit by die gemeenskap se Facebook-groep aan vir waardevolle inligting (oor die dorp). |
| 4 | *... om ook* ***'n ondersteuningsnetwerk te kry ... om tydens skoolgeleenthede te sosialiseer.*** | D | Kry 'n ondersteuningsgroep om tydens skoolgeleenthede te sosialiseer. |
| 5 | ***... 'n lewensafrigter of berader te spreek, sodat die hele gesin hul selfvertroue kan opbou vir die nuwe uitdagings wat voorlê****.* | E | Maak 'n afspraak met 'n lewensafrigter wat gesinslede se selfvertroue vir die uitdagings wat voorlê, kan opbou. |
| 6 | ***Hulle moet gesonde finansiële besluite neem ... sodat nie te veel skuld aangegaan word nie.*** | F | Werk volgens 'n begroting om onnodige skuld te voorkom. |
| 7 | ***... om dalk eers vir 'n ruk by vriende of familie te woon totdat die gesin finansieel stabiel genoeg is ...*** | G | Terugkerendes kan gerus by vriende/familie woon tot hulle finansieel stabiel is. |
| | | | **Getal woorde: 90 woorde** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde moet korrek gemerk word, selfs as die spelling verkeerd is, behalwe as die fout die betekenis van die woord verander.
  - In volsinantwoorde moet foutiewe spelling gepenaliseer word indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leesteken in die antwoord korrek gegee word.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksies aangedui.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| **Vraag** | **Antwoord** | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die gebruik van die uitroepteken/uitroepsin (beklemtoon die opgewondenheid.) ✓ | 1 |
| 3.2 | Die visuele uitbeelding dui vir die leser aan hoe die PDF-publikasie lyk./wat aangestuur is./gee die agtergrond/konteks van die gesprek./trek die leser se aandag. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | Sy glimlag nie./Haar ernstige gesigsuitdrukking/lyftaal toon geen opgewondenheid nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Susan veroordeel die onwettige aanstuur van die publikasie, terwyl Petro nie omgee oor die wettigheid daarvan nie./nie die bron daarvan bevraagteken nie. ✓<br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Petro<br>Die publiek het nie 'n morele gewete nie./gee nie om daaroor as publikasies onwettig versprei word nie, (solank hulle dit net kry).<br><br>**OF**<br><br>Susan<br>Die publiek is deesdae baie meer gesteld op die (onwettige) aanstuur van publikasies. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Die steel van die graaf het gebreek./<br>Die blom se steel het geknak./<br>Die steel van die glas het gebreek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.6 | Dit is onwettig/'n misdaad om 'n PDF-publikasie op Whatsapp/sosiale media te deel/aan te stuur./Om 'n PDF-publikasie onwettig te bekom is so goed as om te steel./Moenie PDF-publikasies onwettig aanstuur/lees/steel nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die teks is effektief onderaan die bladsy geplaas sodat die leser eers die boonste gedeelte/visuele beeld wat die agtergrond vorm, kan lees./<br>Die woord "misdaad" word uitgehef (deur dit op 'n ander agtergrond te plaas)./<br>Die woorde "MOENIE STEEL NIE" is in hoofletters./vetdruk./groter letters./<br>Die woorde in reëls E1 tot E5 is in hoofletters geskryf. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 3.7 | Die advertensie skep die indruk dat net vroue selfone gebruik om te steel./onwettig inligting aanstuur. ✓ | 1 |
| 3.8 | C/verniet; hoe | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Bewegingstrepies agter die motor/<br>Die strepies op die boom dui die harde slag aan./<br>Die motor wat aan die agterkant oplig/<br>Die stofwolke ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 4.2.1 | Nè(?)/regtig ✓<br><br>*Die kandidaat moet die aangehaalde woord korrek spel.* | 1 |
| 4.2.2 | Sy het gesê dat dit regtig kleiner as die vorige dag se stampie was./<br>Sy het gesê dat dit regtig kleiner was as die vorige dag se stampie./<br>Sy het gesê dit was regtig kleiner as die vorige dag se stampie. ✓ | 1 |
| 4.3 | Die woordgebruik is gepas, want as gevolg van die baie ongelukke dra sy nou al 'n "voorskroot" van metaal. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.4 | Raampie 3: skok/verbasing/ongeloof ✓<br>Raampie 4: bewondering/opgewondenheid/blydskap/waardering ✓<br>Raampie 6: bejammering/hartseer/moedeloosheid/bekommernis ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan ook omskrywings vir die emosie aanbied.* | 3 |
| 4.5 | Sjoe, dis nogal 'n jammerte, want dit is so 'n spoggerige motor./<br>Sjoe, dis nogal 'n jammerte; dit is so 'n spoggerige motor.<br>Sjoe, dis nogal 'n jammerte(,) en dit is so 'n spoggerige motor. ✓<br><br>*Die komma voor "want" is verpligtend.* | 1 |
| 4.6 | Ja<br>Die feit dat die vrou die motor aanhoudend stamp/die motor met bande beskerm word, skep die idee dat vroue nie goeie bestuurders is nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die strokie handel net oor die een vrou wat nie kan bestuur nie./nie oor vroue as bestuurders oor die algemeen nie. ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | gehalte ✓<br><br>**EN**<br><br>blywende ✓<br><br>*Die kandidaat moet ALBEI woorde korrek spel.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.2 | Is die dae van die klassieke rolprent nog nie getel nie?/<br>Is die dae van die klassieke rolprent nie al getel nie? ✓<br><br>*Die gebruik van die vraagteken is noodsaaklik*. | <br>1 |
| 5.3 | Hulle/Mense/Die man/Hy/Sy/Julle/Iemand bombardeer ons met gedurige aanbevelings. ✓<br><br>**EN**<br><br>Gewildste/mees gewilde ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.4 | By die een oor in en die ander oor uit ✓<br><br>Ja, dit is geslaagd, want dit beklemtoon die kykaksie./leesaksie./visuele aspek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 5.5 | Byvoeglike bysin ✓ | 1 |
| 5.6 | In die jaar 2000 het ons die nuwe millennium gevier. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.7 | C/gevolglik ✓ | 1 |
| | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou